

Die Jerusalemgangers onder leiding van Johan Adam Enslin

• Rene Fourie

Johan Adam Enslin, gebore op die 12 de Junie 1800, was die oudste kind van Christoffel Bernhardus Enslin en sy vrou, Anna Christina de Beer, wat in die huwelik bevestig was in 1776. Enslin was die kleinseun van Johan Adam Enslin van Bopfingen, Wurtemberg, wat in 1752 as 20-jarige soldaat in die Kaap aangekom het en in die huwelik getree het met 'n weesmeisie, Maria Magdalena.

Die Jerusalemgangers was 'n groep Trekkers, net soos die Israeliete, wat geglo het hulle was "God se uitverkore volk". Net soos Faro die Israeliete as slawe gebruik het, was die Britse gesag gesien as die "Faro's". Die Kaapkolonie was soos Egipte en Johan Adam Enslin was soos Moses die profeet wat die onderdane moes lei na die Woestyn. Die Jerusalemgangers was gesien as 'n eksentrieke sekte of eerder 'n groepering onder die Voortrekkers in die destydse Transvaal, wat as dweepsugtig en fanaties beskryf was met eienaardige opvattinge. Hul sienswyse het bestaan uit vreemde mengsels van godsdiens-tige en politieke oortuigings.

Johan Adam Enslin, was 'n boer van Zwagershoek, distrik Cradock, en daarna die Baviaansrivier, distrik Somerset-Oos. Hy was ook 'n kommandant-generaal. Weens verliese wat hy en sy Vader gely het vanweë die invalle van die Xhosa's het Enslin in die geselskap van ander Trekkers in 1837 na die binneland getrek. Hy en sy reisgenote het 'n tyd lank in Natal by ander Trekkers aangesluit.

Anna Steenkamp, 'n niggie van Piet Retief, vertel in haar dagboek dat sy saam met die Jerusalemgangers die Kaapkolonie verlaat het op 5 November 1837, met 'n siek eggenoot en kinders, waarvan een kind ook ernstig siek was. Sy neem ook haar diensknegte en vier waens saam. Terwyl sy self ook gebukkend gegaan het onder 'n swaar verkoue sterf haar man kort na hul vertrek.

In haar dagboek skryf sy van onmenslike ontberings, aanhoudende teenspoed, rampe, verskrikings en ellendes waarteen hulle te staan gekom het. In haar boek onthul sy ook die verhaal van gebeurtenisse by die Boesmansrivier en hoe die hele heidense volk daarop uit was om hulle uit te roei. Twee dae en twee nagte was hulle onder skoot. Die slag was net nog 'n Goddelike redding vir 'n volk in wording se trekpad na die beloofde land en hul vryheid.

Enslin verwerf in die Oranje-Vrystaat die naam "profeet". Enslin was onder die invloed van die gewilde Nederlander Wilhelmus á Brakel, wat bekend was vanweë sy godsdiens-tige oortuigings en ook op grond van sy interpretasie van die Statebybel. By Enslin en verskeie ander trekkers het die hunkering ontstaan om na Jerusalem te trek om daar in rus en vrede te leef. Dieselfde begeerte om na verafgeleë plekke te trek, het ook vroeër ontstaan in die wyk Swartberg waar Dr. William Robertson, 'n leraar van Swellendam, gewoon het. Enslin en van sy trekkers het familiebande met van hierdie mense gehad. Die geestelike dryfveer het Enslin gelei om met 'n trek na Jerusalem te trek waar Engelse oorheersing en ook van voortdurende moeilikheid met die inboorlinge bevryding sou bring.

Enslin verhuis na die Vrystaat. Op Winburg raak hy vinnig bekend vanweë sy verzet teen die Britse bewind nadat Brittanje die gebied tussen die Oranje en die Vaal in 1844 geannekseer het.

In 1846 word Enslin tot kommandant-generaal verkies en sy vriend J.H.L. de Kock as kommandant, vir die gebied tussen die Sand- en Mooirivier. Menigte vergaderings was gehou. A.W.J. Pretorius sluit aan by Enslin se groep waar Enslin onder hom moes dien as kommandant by die Slag van Boomplaas op 29 Augustus 1848. Ná die nederlaag van die boere het hy en van sy volgelingen hulle in Marico gevestig. Hy noem sy plaas Meseg na aanleiding van Psalm



Op die foto vl: Komm. JA Enslin, sy vrou Maria (Anna) Zacharias Grobler.

120:5, een van die bedevaartsliedere wat 'n Israeliet op sy reis na Jerusalem gesing het.

Enslin beywer hom, in die tyd ook, in Marico vir die belange van die boere-gemeenskap. Enslin het in September 1849 'n *memorie* aan die Transvaalse Volksraad in verband met dorpsgrond voorgelê. In die daarop volgende jaar berig hy aan dieselfde liggaam dat die hoofman van die Kwena, Setghele, waarskynlik met voorbereidings op oorlog besig was.

In 1850 was Enslin as lid van 'n kommissie aangestel. Hulle was gestuur om probleme met die inboorlinge op te los. Enslin was 'n ondertekenaar van 'n versoekskrif wat op 15 Januarie 1851 voor die Volksraad gedien het en waarin die ondertekenaars 'n verkennings-ekspedisie noordwaarts versoek het. Hy vra terselfdetyd ook toestemming om op te tree teen Engelse reisigers wat die land sonder die nodige verlof deurreis het.

Andries Pretorius en Enslin het nie oog tot oog gesien nie, hulle stry wel saam teen die bepaling van die 26ste breedtegraad as die suidelike grens van Transvaal. Die Jerusalemgangers het Pretorius gewantrou omdat hy eers in die Britse anneksasie van Natal berus het. Enslin weier dus om onder Pretorius te dien en in Januarie 1851 het die Volksraad op aanbeveling van die krygsraad waarin Enslin 'n stoel gehad het, besluit om vier kommandante-generaals aan te stel. Die Volksraad het gehoop om onderlinge onmin te probeer uit-skakel. Hoewel Enslin saam met Pretorius, Andries Potgieter en W.F. Joubert in dié ampte benoem was, het Enslin voortgegaan om teen Pretorius te rebelleer en by 'n geleentheid verwys na Openbaring 12:3-4 verklaar: Ek "sien" hoe Pretorius ook deel uitmaak van die sterre of engele wat deur Satan in sy eindlike val meegesleur sou word.

In Junie 1851 lê Enslin 'n klag teen Pretorius omdat Pretorius gesê het dat hy al die Enslins en De Beers wou uitroei. Die saak het verskyn voor 'n landdros op Potchefstroom, maar die saak is teen Enslin gewys. 'n Woordewisseling met die landdros het ontstaan, waarop Enslin met goedkeuring van die Volksraad as kommandant-generaal geskors was. Enslin word gevonnissen met 'n

boete of 'n maand burgerarres weens "verre-gaande moedswil". Enslin het geweier om die boete te betaal en was in hegtenis geneem. Familielede van Enslin het tot sy redding gekom en hom uit die gevangenis ontset.

Die somer van 1851-'52 eis 'n malaria-epidemie talle slagoffers, onder wie ook Enslin. Hy sterf in die maand April 1852.

'n Aantal trekkers het na Enslin se dood ter wille van oorlewing uit Marico weggetrek. Die leier wat Enslin opgevolg het was Johannes J. Erasmus. Die De Beers, Prinsloos, Erasmusse, Enslins, De Klerks, Swanepoels, Roos'e en Smitte trek verder na Kranskop, naby die huidige tolhek, wat hulle herinner het aan 'n Egiptiese piramide en toe hulle die Mokgalakwenarivier met palmiete sien wat noordwaarts vloei het hulle die beskou as 'n sytak van die Nyl.

Die dorp Nylstroom is toe aangelê op die



Graf van JA Enslin by Marico


plaas Rietvlei wat aan 'n handelaar EO Collins behoort het. Die dorpie se ontstaan het maar stadig geskied en selfs teen 1880 het dit slegs 'n landdroskantoor, 'n kerk en ses huise gehad. Die gedagte by die Trekkers was steeds om noordwaarts te trek tot by Jerusalem, maar weens die tsetsevlug is daar besluit om te wag en mettertyd het die hele Jerusalem-beweging doodgeloop.

Van die eertydse Jerusalemgangers het ook in 1859 by die toe gestigte Gereformeerde Kerk van Ds. Dirk Postma, aangesluit en volgelingen soos Jurie Bekker het by die Dorlandtrek (1874-1880) aangesluit.

In die Lidmateboek van die Gereformeerde Gemeente van St. Januario, Humpata, Angola, wat in 1881 tot stand gekom het, verskyn die name van onder andere drie Enslins. Die gedagte aan 'n Beloofde Land het nie dadelik gesterf nie, maar die verlangete daarna het met tyd wel gekwyn.

Nou kom die vraag: Was die eenaar, Jacobus Frederik de Beer, van die plase Kromvlei of Vaalplaat by die Vaaldam, wat toegespoel het met die bou van die Vaaldam, ook 'n Jerusalemganger? Die is weer 'n storie op sy eie...

Bronne: *Dagboek van Anna Steenkamp*. Wikipedia. FNSA. Eggsa – graf van Enslin. Fotos: Google. Dankie Piet Lombard wat die storie bolangs vir my vertel het.



Ou Bybel van Jerusalemgangers JA Enslin.